Musiek HG VR2 **November 2007**

VERSLAG DEEL 2A

AFDELING A : OPERA
VRAAG 1: MOZART

1.1 In hierdie vraag moes kandidate verduidelik hoe die vorm van die arias gebruik is om aan te pas by die vereistes *opera buffa*. Die meeste kandidate het nie hierdie vraag verstaan nie en het slegs oor die algemene stylkenmerke van die *opera buffa* geskryf.

1.2 Die meeste kandidate kon die karakters en onderwerpe van die verskeie operas met mekaar vergelyk.

VRAAG 2: WEBER

2.1 Kandidate het hierdie vraag oor die algemeen bevredigend beantwoord, maar baie min kon 2.1.3, 2.1.8 en 2.1.9 korrek beantwoord.

2.2 Hierdie vraag is goed beantwoord.

VRAAG 3: WAGNER

3.1 Die meeste kandidate het 'n goeie kennis van Wagner se werke gehad. Hierdie vraag is goed beantwoord.

3.2
3.2.1 Sommige kandidate het dit moeilik gevind om 'n vergelyking tussen die gebruik van Wagner se *leitmotive* en Weber en Verdi se herinneringsmotiewe te tref. Hulle het telkens slegs die een of die ander bespreek.

3.2.2 Baie kandidate kon nie die begrip *eindelose melodie* verduidelik nie en het die konsep dus nie verstaan nie.

3.2.3 Hierdie vraag was bevredigend beantwoord.

VRAAG 4: VERDI

4.1 Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord – goeie insig.
4.2 Hierdie vraag is goed beantwoord.
4.3 Die meeste kandidate kon twee hoofkarakters en twee arias uit *La Traviata* noem.
4.4 Hierdie vraag is bevredigend beantwoord.

VRAAG 5: PUCCI
Kandidate het hierdie gedeelte van die syllabus goed geken, maar hulle het nie altyd kennis geneem van die puntetotaal nie. Daar is dikwels te veel inligting oor die storie gegee.

VRAAG 6: TWINTIGSTE-EEUSE TENDENSE

Hierdie vraag is goed beantwoord..

AFDELING B: SIMFONIE

VRAAG 1: VORM

7.1 en 7.2 Alle afdelings van hierdie vraag is goed bemeester. Hierdie vrae is goed beantwoord.

VRAAG 8: HAYDN

8.1 Kandidate het die kortvrae bevredigend beantwoord maar min kandidate kon 8.1.1 en 8.1.6 korrek beantwoord.

8.2 Hierdie vraag is goed beantwoord.

VRAAG 9: BEETHOVEN

Die meeste kandidate het hierdie vraag swak beantwoord, veral die vergelykings by 9.3 en 94.

VRAAG 10: BERLIOZ

10.1 ‘n Aantal candidate het die vraag foutief geïnterpreteer en bloot die inligting van 9.3 herhaal.

10.1 en 10.2 Hierdie vrae is bevredigend beantwoord.

VRAAG 11: TCHAIKOVSKY

Die meeste kandidate kon hierdie vraag goed beantwoord, terwyl ander dit heeltemal uitgelaat het. Dit kan dui op ‘n gebrek aan inligting of dat candidate bloot nie die vraag geleer het nie.

VRAAG 12: SHOSTAKOVICH

Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

ALGEMEEN
Die meeste van die kandidate het die voorgeskrewe werke goed bestudeer en het aan al die aspekte van die syllabus aandag gegee.